## Editorial

*In the September 1985 issue of the Journal the intention to devote this year's September issue to 'learned papers', the procedure to be followed and submission date were noted.*

*May I again draw the attention of my colleagues at the universities to this arrangement, as to date the response appears to be rather weak. In addition the previous slow but steady stream of papers emanating from practitioners appears, possibly in anticipation of the aforementioned, to be running dry.*

*It seems that an additional strategy to ensure the flow of material needs to be pursued. What is envisaged is in addition to the normal contributions from practitioners dealing with issues arising from the practice of their profession and from academics wishing to disseminate and communicate research findings, attention needs to be given to focusing attention on specific planning issues: these would serve as themes within and around which interested parties could be invited to or of their own volition, express their views and opinions.*

*By way of illustration, it has been suggested that because of the interest in and importance of the Cape's new Land Use Planning Ordinance, which will soon come into operation, a series of explanatory articles dealing with matters pertaining to its implementation, procedures to be followed, documentation required, and the like could be prepared in the form of a working document. Although only one of many possibilities this theme is topical and contributions should be of interest to those in the Cape and the profession at large, and should facilitate a clearer understanding, of the Ordinance's workings and its intent.*

*As in planning we are dealing with diffuse activities which have ramifications within a wide spectrum, ranging from broad policy formulation to more pointed project implementation, it is clear that the scope for suitable themes is equally broad. Any suggestions, therefore, regarding theme topics and those whom you feel could be approached to contribute, would be most welcome.*

*C. TOD WELCH*

## Redaksioneel

*In die September 1985 uitgawe van die Tydskrif is die voorneme om vanjaar se September uitgawe aan 'geleerde bydraes' te wy, die prosedure wat gevolg moet word en die voorleggingsdatum, genoem.*

*Mag ek weer eens die aandag van my kollegas aan die universiteite op hierdie reëlings vestig, aangesien die response tot op hede redelik swak blyk te wees. Hierbenewens blyk die vorige stadige maar konstante vloei van artikels van praktisyns, miskien in afwagting op voorgenoemde, droog te loop.*

*Dit wil voorkom dat 'n bykomende strategie om die vloei van materiaal te verseker, ondersoek behoort te word. Wat ek hier in gedagte het is, benewens die gewone bydrae van praktisyns wat oor aspekte wat vloei uit die beoefening van hulle beroep wil skryf en van akademici wat hulle navorsingsresultate wil versprei, aandag op spesifieke beplanningsaangeleenthede te fokus: hierdie sou as temas dien waarbinne en rondom belangstellendes uitgenooi kan word of op eie inisiatief, hulle standpunte en sieninge te opper.*

*As voorbeeld is daar voorgestel dat, omrede die belangstelling in en die belangrikheid van die Kaapse nuwe Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, wat binnekort in werking gaan tree, 'n reeks verklarende artikels voorberei word wat handel oor aspekte soos die implementering, prosedures wat gevolg moet word, dokumentasie wat verlang word en so meer, as 'n werksdokument aangebied word. Alhoewel net een van baie moontlikhede, is hierdie tema aktueel en behoort nie net vir die Kapenaars, maar andere ook, interessant te wees, en behoort dit 'n duidelike begrip van beide die detail en die intensie van die Ordonnansie te gee.*

*Aangesien beplanning te doen het met wydlopige aktiwiteite met vertakkinge binne 'n wye spektrum, vanaf breë beleidsformulering tot spesifieke projekimplementering, is dit duidelik dat die moontlikhede van geskikte temas ewe wyd is. Enige voorstelle dus, aangaande tema-onderwerpe en diegene wie u meen genader kan word om bydraes te lewer, sal verwelkom word.*

*C. TOD WELCH*